ALGEMENE VRAE OOR PETS AS THERAPY

Wat is Pets as Therapy?

Pets as Therapy (PAT) is in 2001 in Suid-Afrika gestig. Ons is ’n geregistreerde Niewinsgewende Organisasie en ’n Openbare Nutsorganisasie.

PAT organiseer terapeutiese besoeke deur troeteldiereienaars wat vrywillig hul troeteldiere, hoofsaaklik honde, neem na mense in hospitale, hospies, ouetehuise, inrigtings vir verswaktes, skole vir kinders met spesiale behoeftes en verskeie ander plekke. Hierdie besoeke bied geselskap, vertroosting, vreugde en ontspanning aan mense wat permanent of tydelik in sulke omgewings woon. Sulke besoeke is ook stimulerend in vele opsigte.

Daar is ’n magdom wetenskaplike bewyse dat die interaksie tussen mens en troeteldier terapeutiese waarde het—fisies, emosioneel, sielkundig en sosiaal.

Waarom diere na inrigtings neem?

Die besoeke van die troeteldiere kan help dat mense minder eensaam en bedruk voel. Dit verskaf ’n welkome verandering in hulle dikwels saai roetine. Mense raak meer aktief en betrokke by gesprekke tydens en ná die besoeke.

’n Besoek van ’n dier kan vermaak verskaf of welkome afleiding van pyn en siekte bied. Mense gesels dikwels met die besoekende troeteldiere. Hulle deel hulle gedagtes, gevoelens en herinnerings met die diere. Dit is iets waarna hulle uitsien. Wanneer hulle die hond of kat streel, kan hul bloeddruk daal en hand- en armbewegings word gestimuleer.

Die besoekende troeteldier is ’n gedeelde belangstelling en maak dit makliker vir twee vreemdelinge om met mekaar te gesels. Baie mense in hospitale, aftreeoorde en ouetehuise moes hul troeteldiere agterlaat en hulle mis die interaksie en onvoorwaardelike aanvaarding van hul troeteldiere. Honde steur hulle nie aan ouderdom of fisiese vermoëns nie. Hulle aanvaar mense net soos hulle is. Die waarde van so ’n besoek duur voort lank ná die besoek, want die herinnerings bly—nie net van die besoek nie, maar ook van vorige ervarings met troeteldiere. Dit bied weer iets om met die ander inwoners of pasiënte te deel.

Mense praat van troeteldier-ondersteunde aktiwiteite en troeteldier-ondersteunde terapie. Wat is die verskil?

Pets as Therapy is betrokke by troeteldier-ondersteunde aktiwiteite. Dit is die minder formele weergawe. Die vrywilliger en die besoekende troeteldier het nie gespesialiseerde opleiding nodig nie. Die interaksie tussen die dier en die mense is sosiaal en ongestruktureerd, maar het terapeutiese waarde—vandaar ons naam, Pets as Therapy.

Troeteldier-ondersteunde terapie is meer formeel. Dit behels gewoonlik ’n spesifieke dier en hanteerder wat toegewys is aan ’n spesifieke kliënt of groep kliënte. Dan is daar spesifieke doelwitte waarop gefokus word in die terapie.

Hoe werk dit?

Die meeste troeteldiereienaars is werklik lief vir hul troeteldiere en vind soveel vreugde uit die verhouding dat sommige van hulle graag die vreugde en liefde van hul dieremaats met ander wil deel. PAT se rol is om hierdie proses te fasiliteer. Soms is dit moeilik om ’n instansie of inrigting te bel en toestemming vir sulke besoeke te kry. Daar is verskeie faktore wat in ag geneem moet word.

- Die geskiktheid van die troeteldier—sy temperament en die korrekte passing tussen troeteldier en kliënte. ’n Bedeesde, bejaarde brakkie sal oorweldig word in ’n kinderhuis, maar groot vertroosting bied in die verswakte afdeling van ’n ouetehuis.
- Die gesondheid van die troeteldier—besoekende troeteldiere mag nie veroorsaak dat ’n inwoner wurms kry of dat ’n vlooi-epidemie uitbreek nie! Terselfdertyd wil ons ook nie enige troeteldier onder druk plaas nie.
- Die tipe instansie/inrigting.

PAT assesseer jou en jou dieremaat as ’n span en ons kry ’n instansie waarby julle sal inpas en waar dit vir almal voordelig sal wees. Ons ondersteun jou om te verseker dat jy met selfvertroue die plek besoek en ons verskaf deurlopend ondersteuning aan jou.

Waar besoek ons tans?

Daar is tans 45 instansies in die omgewing van Kaapstad wat gereeld besoek word. Dit sluit in: Huis Lückhoff Aftreeoord in Rosebank, St Dominic’s School for the Deaf in Tokai, Bridgewater Manor in Somerset-Wes, Helen Keller Home for the Blind in Pinelands, Alexandra-hospitaal en Includid in Maitland, Huis Horison in Stellenbosch, en Huis Hensie Vroom in Stikland.

Ons hersien gereeld ons lys van instansies en kontak ook gereeld nuwe plekke waar besoeke moontlik gebring kan word.

Hoeveel tyd is nodig?

Enige PAT-interaksie is beter as niks! Omdat die impak van Pets as Therapy afhang van hoe gereeld kontak plaasvind, is weeklikse besoeke die ideaal. Baie van ons lei egter besige lewens en kan net een of twee maal per maand besoek. ’n Uur is gewoonlik lank genoeg vir ’n besoek, want ons wil nie die diere uitput nie. Sommige vrywilligers loop deur die inrigtings en spandeer ’n paar minute met verskeie mense gedurende die uur. Ander spandeer baie meer tyd met ’n paar mense en die troeteldiere ontwikkel ’n hegte verhouding met hulle “kliënte”.

Hoe sluit ’n mens aan?

Sodra vrywilligers ons kontak, assesseer ons eers die troeteldier. Feitlik enige nie-aggressiewe, vriendelike, kalm en rustige troeteldier wat onder beheer van hul eienaar is, kan aanvaar word. Ons verlang bewyse dat inspuitings op datum is, dat ’n parasietbeheerprogram en ontwurmingsprogram gevolg word en dat die dier gesond is. Dan is twee of drie besoeke saam met ’n ervare besoeker as mentor nodig om net die “gevoel” te kry van waaroor dit gaan en hoe om op te tree. Daarna bespreek ons beskikbare instansies en ons kry ’n gepaste een vir die vrywilligerspan.

Ons reël ’n ontmoeting tussen die nuwe span en die instansie en ’n mentor gaan een of twee maal saam. Daarna besoek die span die instansie volgens die ooreenkoms wat aangegaan is tussen hulle. Ons verskaf voortgesette ondersteuning deur gereelde vergaderings.

Daar is ’n lidmaatskapfooi van R150 per jaar wat jaarlikse versekering vir openbare aanspreeklikheid insluit.

Wat van mense wat nie troeteldiere het nie of wie se troeteldier nie geskik is nie?

Die bestuur van ’n organisasie vereis heelwat tyd en moeite. Ons het dus vrywilligers nodig, ons noem hulle Vriende van Pets as Therapy, wat kan help om geleenthede te reël, lede te werf en met bemarking, fondsinsameling, ens. kan help. Die Vriende is dus welkome en noodsaaklike lede van PAT. Hulle het dieselfde regte en voordele van PAT as die ander vrywilligers en kan ook tot die bestuur verkies word.

Wanneer is ’n troeteldier nie geskik nie?

Weens die aard van die aktiwiteite en potensiële druk op die troeteldiere, moet hulle 18 maande en ouer wees voordat ons hulle assesseer. Daar is nie ’n boonste ouderdomsperk nie, maar as die dier tekens toon van broosheid of swakheid en die assessor sou voel die PAT-aktiwiteite sal die dier se gesondheid benadeel, sal so ’n troeteldier beskou word as nie geskik nie. Ons kan ook nie honde wat opgelei is om waghonde te wees aanvaar nie. Ons versekering vir openbare aanspreeklikheid sluit spesifiek sulke diere uit.

Diere wat nie hulle gereelde inentings, ontwurming en eksterne parasietbehandeling ontvang nie beskou ons as nie geskik nie.

Is Pets as Therapy betrokke by enige ander aktiwiteite?

Werwingsaksies, fondsinsamelings en blootstelling is noodsaaklik vir die voortgesette sukses van Pets as Therapy. Ons woon troeteldierskoue en DBV-geleenthede by en hou jaarliks boekverkopings wat vir die grootste deel van ons fondse verantwoordelik is. Ons skakel informeel met dierewelsynorganisasies, hondeklubs en organisasies wat betrokke is by mens-dierinteraksies. Soos alle Niewinsgewende Organisasies het ons ’n tekort aan fondse en word donasies altyd met groot dank aanvaar en erken.

Kry lede deurlopende ondersteuning?

Ons hou verskeie vergaderings per jaar waartydens organisatoriese uitdagings bespreek word en oor ons ervarings gepraat word. Ons beplan meer sosiale byeenkomste om lede te ondersteun, soos piekniek met ons honde of aandetes.

Wat van ander troeteldiere?

Daar is bewyse dat alle troeteldiere ’n terapeutiese effek het op die mens. PAT het tans twee baie statige Siamese katte wat hulle terapeutiese rolle as besoekers baie geniet. Katte kan egter soms allergiese probleme veroorsaak en daarom verkies sommige instansies om nie katte toe te laat nie.

Die Australiërs en sekere Amerikaanse takke doen heelwat terapeutiese besoeke met witrotte. Ons het self nog geen ervaring daarvan nie, maar is bereid om dit te probeer—ook papegaaie, kanaries, kokketiele, konyne, miniatuur bokke, miniatuur Shetland ponies, selfs boepensvarke!

Wat is daar nog wat PAT moet doen?

Ons moet ons naam laat bekend word, die konsep bekendstel by instansies en dan meer vrywilligers werf om te besoek. Daar is so baie geleenthede in en rondom Kaapstad. Goeie verhoudings met ander organisasies met dieselfde belange as ons is belangrik. Ons wil graag takke in ander dorpe en stede open. Stellenbosch, Hermanus, George, Port Elizabeth, Oos-Londen en Polokwane is reeds goed aan die gang!